

eMALAHLENI • MIDDELBURG

FREE!

GET IT

10

PAGES OF TOTS
TO TEENS INFO

Veronique

Grimering is ons voorreg

SHOPPING, PEOPLE AND LIFESTYLE IN YOUR NEIGHBOURHOOD

MARCH 2017

Witkerk Middelburg

150

jaar feesviering
van die N.G. Gemeente



Foto: Barries Barnard

7 Maart – 4,9km en 10km Pretloop vanaf Witkerk om 18:00

11 Maart – 150 jaar Fees Basaar – “Van Toeka tot Nou” vanaf 08:00

12 Maart – Dankdiens om 09:30 – Almal welkom.

Gratis besigtiging van die Witkerk vanaf 27 Februarie tot 10 Maart 2017.

Vir navrae - skakel Hester – 013 282 7153 / Maryna – 073 148 9932

CONTENTS

GET IT

Manager

Roland Kolesky
Tel: 013 243 1434

Editor

Tobie van den Bergh
tobie@mobserver.co.za
Tel: 013 243 1434

Advertising

Lizelle Botha
Tel: 079 890 3917
getitads@witbanknews.co.za

Advertising Manager

Henriëtte Pieterse
Tel: 013 243 1434
henriette@mobserver.co.za

Proof Reading

Ronel Badenhorst

Lay-out

Miemie Smit
Hettie Rossouw

GET IT HEAD OFFICE

National Group Editor

Kym Argo
kyma@caxton.co.za

National Sales Consultant

Shirley Frattaroli
Cell: 083 633 6100
shirleyf@caxton.co.za

Distribution

Get It eMalahleni • Middelburg is distributed free of charge. For a full list of where it is available phone 013 656 2490.
Published by CTP Limited

Follow us:



Facebook:
Get It eMalahleni-Middelburg



Twitter:
@GetItWitMdb



CTP MIDDELBURG publishers & printers



Issue 94
March 2017

Audit Bureau of Circulations
of South Africa

OUT AND ABOUT

02 Pencil these dates into your March diary.

REVIEW

03 What's new on the book, movie and music scenes.

WISH LIST

04 March is the month of magic...

SOCIALS

06 Rocco toor met die klawers

07 McCarthy launches new Audi Q2

08 Prestigious Roulette Masters

09 First Business Buzz of 2017

PEOPLE

10 Skoonheid is deel van elke vrou se lewensreis

12 Do you fancy Casablanca?

13 When noise becomes a song

14 Michelle is eMalahleni se skoonheidskoningin

15 Pinkie Pienaar - an icon at the Middelburg Muslim School.

16 Franco komponeer sy eie lewensreis

17 Proud of her heritage.

18 In die boksryt: met Johnny Wood

TINY TOTS TO TEEN'S


20 Outlaw Riding School

COMPETITION

21 Win a Newborn shoot worth R950 from 13Thirty photography.

RECIPE

32 Gogga Koek vir Kleinding



Out & About

Celebrate life...



4 – Just what the doctor prescribed **Riaad Moosa** invites the audience along to his brand new one-man show, 'Life begins', to join in figuring out whether life really does begin at 40. The show takes place on Saturday, March 4 at The Ridge Casino. 'Life begins' is a snapshot into the life of Riaad, being a father of three kids, a husband, comedian, actor and with all the current cultural and political issues thrown in. The show is rated PG for language. Tickets cost R150 at **Computicket** and at **The Ridge box office**. The show starts at 19:00.

1 **Bokke gesels oor rugby.** Dis weer tyd vir lekker kuier. Die Bok en Biltong aand vind om 18:00 by The Venue at The Ridge plaas. Gassprekers vanjaar sluit die bekende Leeus-afrigter Johan Ackerman, Hannes Strydom, Danie Coetzee en Rohan Janse van Rensburg in. Die aand word deur Manne van die Woord aangebied en alle fondse gaan aan behoeftiges in die stad. 'n Tafel kos net R1 500 en 10 gaste kan aan 'n tafel sit. **Skakel Piet Kromhout vir meer inligting en besprekings: 082 756 5865.**

3 **NG Kerk, Suid (Middelburg) markdag** (16:00-21:00). Sanet Maré 013 243 3765 of lidmate@midsuid.co.za

3 **Laerskool Taalfees Somerfees** Laerskool Taalfees skud hul vere reg vir die Somerfees. Die fees vind om 18:00 plaas. Die gaskunstenaar vir die aand is *Joshua na die reën*. Toegang beloop R150 per volwassene, R100 vir hoërskoolleerders, R80 vir laerskoolleerders en R50 vir Laerskool Taalfees leerlinge. Daar is nog enkele stalletjies beskikbaar by die Somerfees. **Kontak gerus me. Marlize Jansen van Vuuren by 083 226 3451.**

4 **The Gorge Trail Running Series** and 16 km and 12 km Mountainbike rides for families. MTB scenic, technical and enough single tracks. **For more information, call Ryk at 083 528 9586 or www.buffalogorge.co.za.**

4 **Mannaprojek** hou straatkollekte by verskillende besighede in Middelburg. **Magda Wood 083 348 7761.**

4 **CROSSing Boundaries MTB Race.** 70 km, 45 km, 15 km and 1 km (1 km fun ride for anything on wheels, from bicycles to prams). SKS Goedehoop Homestead, Loskop road. Prizes for King and Queen of the Mountain.

4-5 **CANSA Relay For Life .** 18:00-06:00. Event City. Guest artist. Amor Vittone. **Andries at 072 248 9424 or Franz at 072 700 5555**

7 **Witkerk 150 jaar Fees Pretloop** 4,9km en 10km Pretloop vir die hele gesin. Begin 18:00 vanaf die Witkerk Middelburg. Almal welkom om te kom saamstap vanaf slegs R25 per persoon. Navrae by Hester 013 282 7153 of Maryna 073 148 9932

10 **Einstein Akademie** hou 'n **gholfdag** by Middelburg Buiteklub. **013 243 3049 of admin@einsteinakademie.co.za**

10 **Woonwa entoesiaste** kan saam kamp die naweek by Elangeni Woonwapark - Waterval-Onder. Die Suid-Hoëveld Streek van KSA bied hulle jaarlikse "ommeswaai" saamtrek tussen 3 streke aan. Besoekers is welkom. **Skakel Paul Stangroom 083 564 2933 of Ben Bierman by 082 681 8210.**

11 **Stephan Kruger** tree op by Eagle Inn. 'Toeka tot Nou'-vertoning. 18:00. R20 per persoon, pensionarisse gratis. R30 ekstra vir hoenderpotjie met rys. **Regina 082 403 0144.**

11 **150 jaar Feesbasaar by die Witkerk** – Van Toeka tot Nou. Kom neem deel aan topklas vermaak, geniet lekker boerekos te kus en te keur, stalletjies met iets uniek vir elkeen. Moenie die gewilde Witkerk Boerewors misloop nie!

Die Witkerk Middelburg sal daaglik oop wees vir gratis besigtiging vanaf 27 Februarie tot 10 Maart 2017. Navrae: Hester (013) 282 7153 / Maryna 073 148 9932



12 **Witkerk Dankdiens** om 09:30. Alle oud-lidmate, Middelburgers en alle vriende word uitgenooi om dit by te woon.


12 **Relay for Life.** Saturday, March 11 to start at 18:00 and will end on Sunday March 12 at 6:00 at Highveld Mall's undercover parking area. Registrations for 2017 teams will close on Monday March 6. Teams can register at R1000 a team (10 – 15 people per team).

Contact Andries du Preez: 072 248 9424 or email adupreez@cansa.org.za or Cindy van Niekerk: 079 683 5093.

24 **Hospice Middelburg bak pannekoek** by hul kantore in Kogelstraat. R4 per pannekoek. **Bestellings by 013 243 5713.**

25 **Friend(z) throttle it up.** Friendz Motorcycle Club is gearing up for their annual day jol. This day jol is taking place on March 25 at Reyno Ridge Club. Entry is R80 per person and it includes a cloth or metal badge. Live entertainment is on the menu this year with local band Leven taking the stage. As usual bikers are in for a treat with a variety of games and a jolly good time with old and new friends. **For more information contact Charles Parsons 082 788 8031.**

Review




LEES: AGTER MASKERS

Ná 'n versmorende huwelik van twintig jaar sal Mia kaalvuis baklei vir die voorreg om selfstandig te wees en nie in enige iemand anders se oë te kyk vir haar daaglikse brood nie. Dit is egter makliker gesê as gedaan, want op agt en dertig is sy skielik op haarself aangewese en het sy geen opleiding, geen ervaring en boonop geen selfvertroue nie.

Op hierdie kritieke tydstip in haar lewe maak die eienaar van die eksklusiewe restaurant Tsalanang haar 'n aanbod wat sy nie kan weier nie. Giep Rossouw bied haar die geleentheid om te begin bou aan 'n loopbaan en in die proses haar eie menswaardigheid te ontdek. Hoekom bly sy, wat mans vir goed afgesweer het, egter in Giep se donker, smeulende blik vasval? En hoekom bedien hy erotiese skemerkelkies in 'n dameskroeg as hy eintlik 'n opgeleide predikant is? In 'n pynlike proses, waarin ou verhoudings verbreek en nuwes gevorm word, word Mia gestroop van die masker waaragter sy nog altyd geskuil het en moet sy diep delf om haarself te vind en haar eie identiteit te vestig.

Hierdie boek is geskryf deur Marijke Greeff en word deur Lapa Uitgewers uitgegee.



LUISTER: DEURMEKAAR

Hailey Clark se gunstelingaanhaling oor musiek is: "Musiek is nie wat ek doen nie, dis wie ek is", en dit is beslis 'n raak beskrywing van hierdie vriendelike blondiekop popsanger wat onlangs haar eerste amptelike album, Hailey Clark – Deurmekaar vrygestel het. Haar debuutalbum kan hoofsaaklik beskryf word as Afrikaanse pop, met 'n elektroniese aanslag en verskil nogal baie van die rustige musiek wat sy in die verlede gesing het. "Die hoofdoel van die album is dat luisteraars moet pret hê wanneer hulle daarna luister. Daar is wel 'n paar dieper liedjies, maar niks te ernstig nie," verklap Hailey entoesiasies. Die CD bestaan uit twaalf snitte, wat spesiaal omskep is om haar strelende stem, op sy beste te laat vertoon.

'n Leser staan die kans om die CD te wen. E-pos net jou naam en kontaknommer na zita@witbanknews.co.za en skryf die woord 'deurmekaar' in die onderwerplyn. Die kompetisie sluit op 24 Maart.



WATCH: SMURFS: THE LOST VILLAGE 3

In this sequel to Columbia Pictures/Sony Pictures Animation's hybrid live action and animated family blockbuster comedy *The Smurfs*, the evil wizard Gargamel creates a couple of mischievous Smurf-like creatures called the Naughties that he hopes will let him harness the all-powerful, magical Smurf-essence. But when he discovers that only a real Smurf can give him what he wants, and only a secret spell that Smurfette knows can turn the Naughties into real Smurfs, Gargamel kidnaps Smurfette and brings her to Paris, where he has been winning the adoration of millions as the world's greatest sorcerer. It's up to Papa, Clumsy, Grouchy, and Vanity to return to our time, reunite with their human friends Patrick and Grace Winslow, and rescue her! Will Smurfette, who has always felt different from the other Smurfs, find a new connection with the Naughties, Vexy and Hackus - or will the Smurfs convince her that their love for her is True Blue?

You can take the kids for a fun trip to Movies @ The Ridge to enjoy this family movie.

Wish List

March is the month of magic...

It all smells nice

Get It discovered a product the readers are going to love.

The In-Car Essential Oil Diffuser 2.0 works as both air humidifier and aroma diffuser and is upgraded with a USB plug that allows you to still charge your phone while diffusing. The pleasant smell will help to lift your mood, relieve tension and anxiety, and boost the metabolism and much more. Simply plug the diffuser into your car's cigarette lighter with 100 ml water and a couple of drops of your favourite oil, and that's it. The top can rotate, so you can even plug in at an angle and keep your diffuser upright. Prices vary. Read more about this wonderful product on Vitality Extracts Essential Oils Facebook page.



Everyone Doodles

Get It found something amazing to share with its readers. The newest model from the maker of the world's first 3D printing pen, the 3Doodler Create. Draw vertically, draw horizontally and lift your imagination off the page because the 3Doodler Create extrudes heated plastic, which instantly hardens, allowing you to literally draw in 3D, freehand or on paper. The enhanced design, easy to manage, and improved drive system for quieter and smoother operation, and endless creation makes this a must have. The latest features also include simplified and intuitive controls, and a new ambient light bar. You will find your 3Doodler Create Pens at Incredible Connections in Highveld Mall for R1 999 each. **Details: 013 697 6700.**

Slow-dance across your palate

"I cook with wine; sometimes I even add it to the food." This quote by W.C. Fields is one many of us can relate to. **Get It** focuses on a beautiful ruby red, medium-full, award winning wine this month. The one getting the attention is Brandvlei Cellars' Ruby Cabernet/Merlot. This wine is combined with oak and berry flavours and fermented with French oak chips that contribute to the complexity of the wine without being dominant. This wine won't break your bank as BC Wines prices start at R38 per bottle up to R45 a bottle. **Get your bottle today by contacting John Going from First Millennium Wines at 072 633 2044.**



Strong and beautiful nails

There are times that the clock is ticking just too fast, and you don't have time to pop in for a pedi- or manicure. **Get It** is always on the lookout for products that will save you time and make life easier. That is why we just love Pink Armor Nail gel. Pink Armor will give you strong, beautiful nails fast. Pink Armor won't peel, chip or crack and protects against breaking, cracking, splitting and discolouring. It is the thick, protective gel coat that gives you stronger, longer, beautiful natural nails! The protein rich keratin gel penetrates deep down to repair and strengthen, while the optical brighteners make the nail tips look whiter and the nail beds look pinker, it brings out your nails' natural beauty for a flawless look. Make a turn at Verimark at Highveld Mall and get your nail gel for just R119. **Details: 013 697 2244.**



For your eyes only

Sunglasses are a great fashion accessory, but their most important job is to protect your eyes from the sun's ultraviolet (UV) rays. **Get It** went on a hunt for the perfect sunglasses that will not only protect your eyes but also look fabulous. We found PolarEyes sunglasses at Dis-Chem. The extraordinary Polarized polycarbonate lenses found on the PolarEyes sunglasses offer 100% UV protection up to 400 nm. They also cut out reflections and glare for outdoor activity, provide high-performance optics for visual clarity, and offer excellent scratch resistance for durability. Polarized lenses are the angler's choice for on-water activities. The Polarized polycarbonate lenses on these PolarEyes are one of the most competitive in the market. PolarEyes are priced at between R299 and R499. **Details: 013 692 9500.**

Dining in comfort

Wouldn't you just love having these dining room chairs? We browsed around in Rochester Furniture Store and saw these beautiful and elegant Sheraton dining chairs. These chairs are timeless. Sheraton-influenced furniture dates from about 1790-1820. It's named for the London furniture designer and teacher Thomas Sheraton (1751-1806), who trained as a cabinetmaker, but is known for his written guides, especially his first, *The Cabinet-Maker and Upholsterer's Drawing-Book*, published 1791-94. A neoclassic style, it falls within the Federal period in the United States. The starting price for these chairs is R2 195. Visit Rochester situated in Bethal Street to view their range of dining room chairs. **Details: 013 656 6742.**



OLIFANTS
River Lodge



Senior Discount

25%

off on weekends

50%

off on midweeks

bushveld lodge in the middle of the highveld



conferences • team building • weddings • church groups • family getaways



Ideal for Conferences

013 243 9401 063 161 5439



info@olifantsriverlodge.co.za



Olifants River Lodge

March 2017 Get it eMalanjeni • Middelburg 05

www.olifants-river-lodge.co.za



Rocco de Villiers.

Rocco toor met die klawers

Suid-Afrika se gunsteling pianis, Rocco de Villiers het homself die afgelope paar dekades beywer om die mooiste musiek ter wêreld te speel. Die klanke van sy klavier is Saterdag 4 Februarie tussen die sinkplaatmure van The Blue Room verewig. Rocco se optrede, wat uit uitmuntende klavierspel en tong-in-die-kies geselsies en grappies bestaan het, sal vir lank die tema van menige gesprekke wees.



Sybie en Elaine Ackerman.



Marietjie en Robbie Robbertse.



Marietjie en Bennie Ellerman.



Corné Joubert en Linda Minnaar.



Minette Barnard, Annette Prinsloo, Thinus Barnard en Bertie Marx.



Marie en Andries Lombard.



Willie Pretorius and the new Audi Q2.



Welcom Riba.




Molalo Shabangu with Welcome Riba.



Zinhle Mashele.



Bernard Mashaba and Lawrence Moruthane.



Tony Govindram and Dominic Lekhuane.

McCarthy launches new Audi Q2



Michael Buthelezi.

When McCarthy Audi Middelburg launches a car, it doesn't just entail parking a shiny car on a showroom floor, oh no. When McCarthy Audi Middelburg launches a car, it's a family event, with music, Boerewors rolls and interactive broadcasts live from Germany! The McCarthy Audi team welcomed the newest model in the Audi range, to their showroom floor on Saturday. The Audi Q2 surely drew a crowd, and with it, Audi retained its position as front runner in the luxury car market on local soil. If you missed out on Saturday's Audi Q2 hype, pop into McCarthy Audi to test drive the stunner today.



Anna Mtsweni and Vainia Suwele.



Vusi Mabena.



Jacques Joubert.



Atheesha Fortune and Mpho Letshwene.

Prestigious Roulette Masters

The Ridge Casino treated the media to a fabulous evening to kick-start the Roulette Masters tournament. This prestigious evening took place on January 26. Keeping the theme in mind, guests dressed in red, white and black and had a good time socialising with The Ridge being the perfect hosts.



Nozipho Matshiye.



Sharika Betts, Caroline Kgotso and Nonhlanhla Thabethe.



Phumzilo Mahlangu, Windy Moraba and Phindile Mokwele.



Sibahle Motha and Natalia Walicsek.



Thumi Buthelezi.




Nonhlanhla Thabethe.

Photos: Zita Goldswain.

First Business Buzz of 2017

The first Business Buzz of 2017 was organised at the Middelburg Chamber of Commerce Auditorium on Thursday, 19 January. It was here that a short presentation was given on car guarding, the concept of which is known as Street Eyes. Afterwards a hamper was given out to a lucky winner, Brendan du Bruyn Nienaber, before a networking session was held between guests who were treated to craft beer and refreshments.





Skoonheid is deel van

Grimering is ons voorreg. Party vroue oordoen dit en steek hulself onder die lae grimering weg, terwyl met die nodige fynere kunsies jy soos 'n model uit 'n modetydskrif kan stap.

Die gesig wat soveel advertensieborde by Highveld Mall versier, het by Get It kom kuier en meer kom vertel oor haar passie vir grimering en ook skoonheidswenke met ons lesers kom deel.

Veronique Vorster weet wat sy doen en daarvan kan haar getuigskrif getuig. Veronique het ure se studeer agter die rug en het diplomas verwerf in onder andere professionele grimering, bruids-, dag- en aand grimering, grimering vir fotografiese doeleindes en 'airbrush' grimering en ook grimering vir spesiale effekte, soos verhoogkuns.

Sy het die huidige Mev. Suid-Afrika, Hlengiwe Twala, en die eerste prinses, Olwethu Leshabane, onder hande gehad en hul grimering vir die groot kroningsaand gedoen.

"Ek was deur Sormé Cosmetics gekies om die twee pragtige dames te grimeer. Die ondervinding het my lewe op soveel maniere verander. Ek het ongelooflike mense ontmoet en met die mees inspirerende vroue gewerk."

Sy het met 'n glinster in haar oog gefluster dat sy die enigste grimeerkuns-tenaar van Mpumalanga was wat die kans gegun

elke vrou se *lewensreis*

was om die skoonhede nog mooier te laat lyk.

"Ek besef dat die geleentheid is reguit uit die Vader se hand is en daarvoor is ek ongelooflik dankbaar! Ek het in die tydperk wat ek met hul gewerk het soveel geleer en gegroei! Dit was vir seker 'n droom wat waar geword het," het sy nederig gesê.

Maar hoe het sy op die groot advertensieborde beland en die gesig van Highveld Mall geword?

Veronique kon skaars stilsit toe sy die vraag beantwoord, "Ek en die bekende fotograaf, Mandy Klopper het besluit om 'n projek saam aan te pak! Die projek se doel is om ons altwee se besighede te bemark. Ek was natuurlik die model en sy as fotograaf het die mooiste asem-wegslaan-foto's geneem. Die foto's weerspieël die werk wat ons doen en tot wat ons in staat is om te verrig. Die foto's wat ons vir bemarking gebruik het, is deur Highveld Mall raakgesien en so het my gesig op die groot advertensieborde verskyn."

Die stukkie prag-vrou loop oor van entoesiasme as sy oor grimering begin gesels.

"Vergeet van duur operasies. Met oulike grimeerkunsies kan jy blitsig 10 jaar jonger lyk," het sy gesê en deel van haar geheime.

Geen vrou se vel lyk elke dag

dieselfde nie. Soms sal dit lieflik sag en glad voel; net om die volgende dag weer effens droog te wees. Merkies en probleemareas op jou vel hang van baie faktore af. Van die skommelings in jou hormoonvlakke, die weer, wat jy eet en ook die produkte wat jy gebruik, het 'n invloed op jou vel se voorkoms.

'n Foutlose voorkoms is slegs moontlik as jy jou vel reg voorberei voor jy grimering aansit.

Oor onderlaag kan sy ure gesels en het dit gelukkig in 'n paragraaf saamgevat toe sy vertel is, sy het net 'n beperkte spasie in die tydskrif tot haar beskikking.

"Daaglikse grimering moet sag en natuurlik lyk. Grimering wat reg aangewend word kan jare van jou gesig af haal en jou somer baie vinnig laat jonger lyk. 'n Ligte onderlaag of 'n BB-room (Beauty Balm of Blemish Balm) is 'n moet! Dié rome bevog, dien ook as basislaag wat die vel se tekstuur verglad, dit beskerm teen sonskade, verbloem merkies en is einde ten laaste ook 'n onderlaag. Moenie verbloemer vergeet, om enige ongewenste merkies toe te maak nie. Gebruik ook gerus 'n poeier wat een skakering ligter is as jou eie kleur. Om die regte kleur onderlaag vir jou vel te kies is die belangrikste faktor voor ons begin, dis die fondasie van jou grimering. Stel vas wat is die ondertoon van jou velkleur voor jy op 'n inkopietog gaan. By

kosmetiese afdelings sal die personeel jou help om die regte onderlaag te kies."

Natuurlik het wenkbroue ook gou 'n besprekingspunt geword.

"Wenkbroue wat mooi gevorm en vol is laat jou dadelik jonger lyk. Die geheim vir mooi wenkbroue is 'n natuurlike voorkoms, vul daarom net die dele in waar jy dink te min hare groei.

"Om jou wangbene te beklemtoon kan jy jou blos strookgewys aanwend van jou wang opwaarts na jou tempels. Jy lyk somer baie jonger met 'n bietjie 'tan' en dis waar 'bronzer' 'n groot rol speel. Eksperimenteer daarmee," is Veronique se raad.

En om daardie lippies baie meer soenbaar te maak stel sy 'n neutrale of rooskleurige lipstifflie aan want dis altyd vleiend. Weereens sê sy vroue moet nie bang wees om te eksperimenteer nie en kan gerus daardie lipglans uithaal en opsit.

Veronique is passievol oor wat sy doen en dit straal somer by haar uit.

"Ek is absoluut verlief op die grimeerwêreld en hoe verskillend dit gebruik kan word vandag. 'n Mens kan letterlik enige iemand in enige iets transformeer met die regte gereedskap en vaardigheid. Grime-ring is verseker vir my 'n manier waarop 'n vrou 'n bietjie meer van haarself vertel. Sonder woorde.. 'n mens sien dit op haar gesig!"

Do you fancy Casablanca?

Toe 'n kliënt vir 'n plaaslike platejoggie vra "Do you fancy Casablanca?" het hy dadelik begin dink aan Morokaanse musiek vir 'n tema partytjie. Toe hy uitvra oor die temapartytjie en die antwoord kry "No dummy, the city, in Morocco" het hy gedink hy droom.

Hardus Vosloo, 'n plaaslike inwoner en sakeman, was die laaste jaar nege maal oorsee, na stede regoor die wêreld om musiek te maak.

"Ek kan dit self soms nog nie glo nie. Ek dink nie dit omdat ek goed is nie. Ek is net lucky en met genade van Bo" vertel Hardus beskeie as jy begin uitvra oor hoe hy aan die lekker werk gekom het. Terwyl Hardus sy storie vertel kom die woorde van bemaamde gholfster Gary Player in my agterkop op: "The harder you work, the luckier you get." Dit is beslis die geval met Hardus.

Sy vrou Sanri, by wie hy in 2003 nog verlek gesleep het, het 'n troue venue in die dorp. Sy het met 'n krisis gesit nadat die platejoggie wat vir die troue bespreek is, ure voor die tyd gebel het om te sê hy kan dit nie maak nie en toe bloot sy selfoon afgesit het.

"Sanri het gevra of ek kan help. Die bruid was in 'n toestand. Ek het niks gehad om mee musiek te maak nie

behalwe my guitar amp en my rekenaar. Toe sê hulle dit is reg en ek sit my amp in die tuin en maak musiek van my rekenaar af," vertel Hardus.

Na die troue het die bruid hom R500 in die hand gestop.

"Ek het gedink dis nie te sleg om betaal te word om iets te doen waarvoor ek lief is nie."

'n Bruilofgas het hom genader en gevra of hy nie by hulle troue ook wil kom speel nie. Die riemtelegram het van daar af gesorg dat Hardus amper elke naweek besig was met 'n troue. Troues het later besigheidsfunksies ingesluit. Eers in Middelburg en later verder uit die dorp in Mpumalanga, Gauteng en Noordwes.

Hardus meen dat 'n groot deel van sy sukses, of 'geluk' soos hy dit noem, te danke is aan sy vrou. Sy het sy stokperdjie vir hom afgerond deur aan te dring dat hy dinge altyd professioneel moet doen, soos om 'n stel klere te dra wanneer hy sy toerusting opstel en dan skoon te gaan aantrek voor die funksie begin, altyd netjies, altyd betyds en altyd vriendelik.

Baie van die besigheidsfunksies was by Kloppenheim tussen Belfast en Machadodorp. Toe 'n platejoggie vir 'n internasionale rekenaar maatskappy konferensie, twee dae voor die tyd siek word, het die hotel aanbeveel dat hulle vir Hardus probeer.

Die persoon wat al die maatskappy se hoëvlak verkoopsopleiding doen (verkope van miljoene rande op 'n slag), het Hardus daarna vir bykans twee jaar vir al sy nasionale funksies gebruik. In 2014 by Mount Grace in Magaliesburg, het hy weer mense van 'n ander internasionale maatskappy ontmoet. Hulle het vir hom gesê dat hulle mal is oor sy musiek en redigerings asook die feit dat hy onder druk kan werk en nie geïrriteerd raak met die gaste nie.

"Hulle vra toe of ek die wêreld saam met hulle wil

toer. En ek dog wat is die kans. Hoekom sal hulle 'n Middelburg outjie gebruik as hulle enige iemand kan kies? Hulle praat sommer maar net," vertel Hardus.

Bykans ses maande later vra dieselfde mense hom toe vir 'n kwotasie om in Griekeland en in Amerika te gaan optree.

"Ek het toe klaar vir 'n pel gesê dat ek hom sal help met die klank by 'n kerkkamp, so ek moes nee sê vir Griekeland," sê hy. Hy het ook nie die Amerika funksie gekry nie.

In Oktober 2015 het hy weer met die mense kontak gemaak tydens 'n geselligheid in Sandton. Kort daarna het hy die boodskap gekry "Do you fancy Casablanca?" Die res is geskiedenis.

Van Casablanca was Hardus al in Dubai, Atlanta, Hartford, Chicago, San Fransisco, Amsterdam, Kuala Lumpur, Melbourne en Vancouver. Hy het verjaar tydens sy reis na Maleisië en kon sy vrou saam neem.

"Alles wat ek van kleins af van gehou het, het opgebou tot wat ek vandag kan doen. Om te DJ is my passie, dis nie my werk nie."

Indien hy in ander lande gaan optree, doen hy navorsing oor goed soos die trefferlys in daardie land en die ouderdom van die gehoor.

"As die meeste mense 40 is, dan soek ek vir die trefferlys van 20 jaar terug, toe hulle 18 was. Soms is dit moeilik. Ek was by 'n funksie waar daar mense van vyf verskillende lande bymekaar gekom het. As ek nie die woorde van die liedjies verstaan nie, dan soek ek maar vir 'n paar met 'n catchy tune en 'n lekker melodie en tempo," sê Hardus.

Hy glo vas dat moeilike situasies op die ou end bydra tot verbetering.

"Ek gee alle eer aan die Here. Dit is eintlik amazing as jy terugkyk en besef hoe alles wat jy gedoen het, en alles waarvan jy hou, so perfek kan saamkom, tot jy uitvind, jy leef jou passie."

Hardus het tot op hede al meer as 600 funksies onder die belt. Hy sê dat hy toe hy nog 'n kind was, die boek 'Rich Dad, Poor Dad' van Robert Kiyosaki gelees het. Hy neem dit vandag nog ter harte.

"Moet nooit werk vir geld nie. Werk vir jou passie en geld sal volg."



When noise *becomes a song*

Finding his centre and allowing himself the space and time to do something extraordinary. Local artist Coster Mkoki speaks to **Get It Middelburg/eMalahleni** about his trip to the Sydney Art Space in Australia.

Coster, together with an artist from the United Kingdom, were selected to host an exhibition in Northern Beaches, Sydney, from 12 December 2016 until 9 January 2017.

"It was all about getting the space and the time to do something. Getting out of Middelburg and away from work and family. Because if an artist do not have space and time, how will you create something?"

Getting to Sydney was another matter.

"I declared that I wanted to go. But to get R51 000 seemed impossible. Everyone was asking, how am I going to manage? I did not know myself. But I knew that God knew," Coster says.

In good faith he applied for his visa before he had the money for the plane ticket. Two weeks before he had to fly to Australia, he still did not have the money.

"I started praying to God, asking him for guidance. I said, God, you parted the seas so that people can walk through it, please do the same for me?"

A week before his departure, a businessman phoned him. They wanted a large mural for their new building. The money for the mural, as well as a contribution from Samancor made it possible for Coster to go to Australia.

"The money was paid into my account four days before I had to fly!"

At the Sydney Art Space Coster got to make an artwork whilst being observed by visitors.

"I had a lot of explaining to do," Coster jokes. He says that people who came to the exhibition brought random material from which he made his entire sculpture.

"It is called Freedom, and it is mar-

vellous," says Coster.

He also had the opportunity to give a talk and did a spur of the moment corroboration with Japanese artist Hirofumi Uchino, who calls himself a noise artist, and Dave Young a bass guitarist as well as another artist called Beth.

"We made some experimental noise together. At first it had no direction but after a while it turned into something the people could understand. I saw in their eyes when it started to make sense to them."

He called the 'noise' Jesus be the Centre.

People asked "Why Jesus?" and Coster said that it was Jesus that gave him direction.

"Just like with the art, my life was a noise that turned into a song when Jesus came.

"Most artists think you have to be high or on something to be creative. I am here to tell them that we all have an inherent centre, something that

we can tap into if we only learn how to. That is where true creativity lies. Find the real you, with no foreign influences. That is when you become more creative."

Coster, a Zimbabwean native who now calls South Africa home, has lived in Middelburg since 2008. Before that he lived in Komati outside Middelburg.

"When I came to Middelburg for a seminar, I fell in love with the place. I said then, that I am going to call this town my home someday. I love it here."

He has done several artworks in Middelburg including three pieces at the Middelburg Mall. One of them, a red tractor with a cow on it, has become somewhat of a landmark at the mall.

Coster works as a fitter and turner facilitator at Samancor and is involved with the training and development of young people.

"My motto is 'It can be hard, and it can be difficult, but it is not impossible.'"



Coster Mkoki next to one of his commissioned art works in the Middelburg Mall.

Michelle

is eMalahleni se skoonheidskoningin



Met 'n visie in haar hart en 'n passie in haar siel, streef Michelle Kruger haar drome een vir een na.

Mej. Suid-Afrika was net 'n droom, tot Michelle die kans gevat het om dit te bewaarheid. "Ek het verlede jaar Augustus op Facebook gesien dat daar oudisies gehou word vir hierdie kompetisie. Dit was 'n lewenslange droom, al vandat ek 'n 10-jarige dogtertjie was, wou ek Mej. Suid-Afrika wees. Ek was nie seker of ek moet inskryf nie, maar het toe twee weke voor die tyd besluit om die kans te vat," het Michelle vertel.

Sy het ook gesê dat dit heeltemal buite haar gemaksone was. Dit was hier waar sy geleer het om haarself eerste te stel, die kollig op haarself te plaas en haarself die kans moes gee om te groei. "Dit is nie iets wat ek doen nie. Ek verkies om ander bo myself te plaas. Tydens die oudisies het een van die beoordelaars my teruggestuur, as gevolg van my donker lipstiffie. Net daar het ek gedink ek staan nie 'n kat se kans nie. Ek was stomgeslaan toe ek geroep word as een van die top 26, maar het die kans met albei hande aangegryp."

Nie net is hierdie 22-jarige vrou 'n aanwinst vir die modewêreld nie, maar haar hart en brein sit op die regte plek. Tydens haar ondervinding as Mej. Suid-Afrika, het sy voortgegaan met haar studies. Sy is tans besig met haar BA Graad in regte, en haar droom is om 'n advokaat te word. Sy het al drie jaar se studies agter die rug, en het nog so rofweg drie jaar om te gaan.

"As ek my hart op iets sit, dan sal ek alles in my vermoë doen om my droom te bewaarheid. Ek wil 'n advokaat word, so ek sal na my droom streef. Ek 'settle' nie vir minder nie."

Sy het vertel dat sy nog nooit aan 'n

skoonheidskompetisie deelgeneem het nie, en dat sy vreeslik baie geleer het. "Ek het absoluut niks ondervinding in hierdie tipe kompetisies nie. Ek het ingeskryf, sonder 'n afrigter en ek was net myself. Ek kan met trots sê dat ek self gekom het waar ek is, deur net 'ek' te wees en om pret te hê. Ek het dit nie as 'n kompetisie gesien nie. Ek is ook nie soos ander meisies wat aangeplak is nie. Ek hoef nie 'op te dress' nie. Ek loop met plakkies en sonder grimering op kampus rond. Maar hierdie kompetisie het my geleer hoe om na myself te kyk, van binne en buite."

Sy het bygevoeg dat sy baie van haarself geleer het tydens die kompetisie

Sy is tans besig met haar BA Graad

in regte, en haar droom is om

advokaat te word.

en ook dat sy besef het, dat sy onder druk kan werk.

"Ek het drie vriendinne gemaak. Ons het vir mekaar uitgekyk en mekaar glad nie beoordeel nie. Ons was net onself, en ek sien ons vriendskap nog hoë hoogtes bereik. Ons was baie dieselfde, met deernis vir ander en in hulle het ek vriendinne gekry."

Hierdie is nie die einde van die pad vir Michelle nie. Sy beplan om oor twee jaar weer in te skryf. "Ek het nooit besef wat mense bedoel as hulle sê ek is nog jonk nie. Maar ek besef nou. Die vroeë wat jy moet beantwoord! Nie net oor jou eie land nie, maar ook oor ander lande. Dit vat vreeslik baie om 'n ambassadeur te wees vir jou land, maar ek glo ek sal dit nog vervolmaak. Ek wil weer inskryf, en

ek gaan. Ek voel dat my hart op die regte plek is."

Tydens haar tyd in die kompetisie, was sy in Sun City en ook in die Kaap. "Ons het baie by Sun City geleer, onder andere, hoe om op te tree, wanneer jy praat, watter klere, parfuum, ensovoorts die beste is. Ook het ons geleer van sosiale media, watter impak dit op die bedryf het en hoe om kommentaar te hanteer."

Op Woensdag, 1 Februarie is die top 12 bekend gemaak, maar Michelle het ongelukkig nie 'n plek daar verower nie. "Ons was daar vir twee dae. Die eerste dag was 'n baie indiepte onderhoud, waar ek baie oor myself moes praat. Op die tweede dag was ek op die 'warmsitplek' waar ons bombardeer was met vroeë oor huidige politieke sake."

Michelle het op Maandag, 6 Februarie weer al haar aandag en fokus op haar studies geplaas. Sy het wel bygevoeg dat sy 'n werksaanbod gekry het gedurende haar tyd in die kompetisie. "'n Man het my genader en gesê dat ek 'n goeie prokureur sal wees. Al moes ek net inskryf om my droom as advokaat te verwesenlik, dan was dit die doel," het sy ten slotte gesê.

Michelle se ouers is woonagtig in eMalahleni, en dit is ook waar haar hart is, al woon sy permanent in Pretoria. Sy is 'n student by die Universiteit van Pretoria (Tuks).

Pinkie Pienaar

An icon at the Middelburg Muslim School



Madam Pinkie Pienaar, as she is affectionately known, has been teaching Grade Ones for 37 years - 21 of which has been at the Middelburg Muslim School.

She has been at the school since its inception in 1996 and is undoubtedly one of the most respected and most loved educators in the community - who has embraced her as one of their own and over the years built a relationship of trust and understanding.

It's not everyday that you'll come across an Afrikaans speaking teacher who describes herself as an educator "with a degree in Islam" and broad knowledge of the Indian culture.

She can recognize Arabic terminology and teaches her school children values adherent to Islam. "I've easily taught up to 1 000 children in Grade One over the years," she says, and has bonded with parents and kids alike.

Madam Pienaar grew up in the little town of Carnarvon in the Northern Cape, and she knew that teaching would become her lifetime career.

"I used to teach my siblings and we were allowed to use the garage walls as a chalkboard. When the walls were covered with writing my dad would repaint the walls so we could use it again".

Shortly after matriculating she studied at the Wellington Teaching College and after qualifying relocated to Lydenburg with her husband, Pine.

"It was here that I had my first experience teaching at an Indian School," Madam Pienaar recalls.

It was only in 1991 that she moved to Middelburg and began teaching at Eastdene Indian School - as it was known those days.

In 1996, the school board of the Middelburg Muslim School approached Madam Pienaar and convinced her to join them. It wasn't an easy decision and

took some persuasion.

"I was reluctant at first because I was unsure and to be in a Muslim environment was very new to me. But I took the plunge and I never looked back since".

It wasn't easy in the beginning and she had to make certain adjustments to her daily routine.

"When the muslim school first opened female teachers were required to wear a cloak and a scarf. I really had difficulty with this and I called my Mum. She said to me, don't see it as traditional attire, rather just see it as a school uniform. That changed my entire mindset and it became much easier after that".

The school has since changed those rules and non-muslim teachers are allowed to dress as they please - provided

Her teaching style instills values
and discipline among
learners...

it is respectable.

Madam Pienaar has since become a pillar of strength at the Muslim School and an icon in the community.

She has made friendships and bonded with entire families who cannot see past the school without her presence. Her teaching style instilled values and discipline among learners and she proudly defends the school and her students wherever she go.

"Teaching at a Muslim School has been an eye-opener for me and has dispelled a lot of misconceptions about the religion. I've learnt to appreciate and cherish other religions for what they really are and not for what they are perceived to be. At the end of the day, it's all about respect for each other. And

I always point this out in staff meetings, where I make us all aware that this is the new South Africa and this is how we can tolerate each other and live a fulfilling life in harmony. It's really special".

Madam Pienaar, who is currently the Head of Foundation Phase and spends 17 months as acting principal, says that looking back, it was probably the best decision she has ever made when she chose to join the school.

"It has been an incredible journey of which I cherish so many moments. I love these kids as my own and I'm prepared to do anything to ensure that they will succeed in life, and the same goes for the school. We've come a long way since the Muslim School opened and every step has been one of respect and appreciation for one another".

Many students who studied under Madam Pienaar in Grade One, bring their own kids to her class. Many of her former students have become doctors, lawyers, engineers and even teachers, and all insist she personally teaches them.

"I'm very grateful to everyone who continues to make my career a pleasant journey, and that includes the Ameer of the school, Moulana Mohammed Ali. We notice the changes in society and Grade One learners 20 years ago are not the same as Grade One learners today, and there's more challenges facing communities. But when you have a support system like ours, it just makes it easier to deal with".

Madam Pienaar says it's the children that keep her going and at this rate she doesn't see an end to her career, or at least not anytime soon.

"If I relocate, I'll only go teach at another Muslim School".

Franco

komponeer sy eie lewensreis

In 'n era waarin die meeste liedjieskrywers dit as 'n groot oorwinning beskou wanneer hulle woorde vind wat met "bokkie" rym, is Middelburg se Franco Prinsloo besig om sy lewenswysie op die internasionale verhoog te komponeer.

"Ek kan nog die dag onthou toe my ouers vir my 'n klavier gekoop het. Ek was ekstasies en hoewel dit effens van 'n honkey tonk was en 'n paar van die note nie gewerk het nie, het ek ure spandeer om self deuntjies uit te dink. In my graad-tweejaar het ek by Louis van Nieuwenhuizen begin klavierlesse neem en ek het net daar en dan gewéét dat dit is wat ek vir die res van my lewe wil doen."

Vandag word sy werk deur internasionale groepe soos die King's Singers vir hul toer na Suid-Afrika gebruik.

"Die Noordwes Universiteit PUK het my verlede jaar genader en 'n werk spesifiek vir dié toer aangevra. Ek luister al vir jare na die King's Singers en het al self baie van hul verwerkings in ensembles gesing. Om vir hulle te skryf was een van die lekkerste ervarings."

Hy is genooi om die groep te ontmoet gedurende hul optrede in Pretoria en hy sal ook die konserte in die ZK Matthews-saal by UNISA bywoon.

Franco het musiek by die PUK studeer en het daar die meeste van sy tyd gebruik om musiek en konserte te skryf. Hy het ook vir vyf jaar in die universiteitskoor gesing, onder leiding van professor Awie van Wyk - 'n tydperk wat volgens hom 'n groot rol in sy musiekloopbaan gespeel het.

"Ek komponeer baie koormusiek, asook kabarette en musiekblyspele. In 2016 het die Universiteit van Pretoria Jeugkoor een van my werke, Naledi - an African Journey - in Frankryk opgevoer. Die produksie was tydens 'n fees in Provence se antieke Romeinse amfiteater opgevoer - beslis 'n hoogtepunt!"

Hy is 'n oud-leerling van Hoërskool Middelburg en vertel dat sy onderwysers 'n groot impak op sy lewe gemaak het.

"My musiekjuffrou, Esmé Solms, het my oorreed om in die Mpumalanga Jeugkoor te sing en dit is tot vandag toe een van die mooiste herinneringe van my jeug. Dan het Anita Botha (my Afrikaanse juffrou) my aan die digkuns van Breyten Breytenbach voorgestel. Sy het eendag vir my sy digbundel "Die Ysterkoei moet sweet" geleen en ek sal altyd dankbaar bly vir daardie oomblik."

Nou is dit 'n wroeging om musiek te skryf, of gebeur dit spontaan?

"Definitief spontaan. Die beste musiek gebeur wanneer niemand dit verwag nie. Maar dit beteken egter glad nie jy kan net kan agteroor sit en wag vir dinge om te gebeur nie. Die muses kom slegs wanneer ek myself daagliks met komposisies besig hou."

Die rolprentbedryf sorg deesdae vir uitstekende klankbane en Franco het beslis 'n paar gunsteling.

"Film-musiek beskik oor 'n grootsheid wat mens selde in 'n regstreekse uitvoering kan ervaar. Die werke van Hans Zimmer en Danny Elfman is ongelooflik en as ek 'n paar van my gunsteling kan noem, dan is die fliks soos Amelie, Interstellar, The Matrix Trilogy, Requiem for a Dream en Cloud Atlas."

Musiek staan egter vir niemand stil nie en Franco het 'n besige tydperk wat voorlê. Hy vertrek Juliemaand na Hong Kong vir die Internasionale Harpkongres waar hy en 'n mede-komponis, Pieter Bezuidenhout, gekies is om werke vir die Sopraan en Harp ten toon te stel.

"Ek is baie opgewonde om met die Sjinese sopraan, Jessica Ng, te werk. Ek het al in die verlede vir haar musiek gekomponeer en konserte daarvan is in Singapoer en Hong Kong aangebied.

Om internasionaal vir jou werk te kan reis, is 'n groot voorreg."

Op Suid-Afrikaanse bodem tree hy gereeld by kunstefeeste op. Sy produksies - "Boegoe vannie liefde" en "Maanmond" is onder andere al by die Woordfees en die Klein Karoo Nasionale Kunstefees opgevoer.

"Ek het myself al in vele musikale rolle begeef," skerts hy. "Maar ek doen ook gereeld 'n eenmanvertoning van Afrikaanse gedigtoonsettings wat ek self gemaak het."

Hou maar gerus vir Franco Prinsloo dop. Jy gaan sy naam nog baie hoor.



Proud of her heritage

She oozes out poise, so calm and collected you would swear she is not carrying a huge title on her shoulders.

Nozipho Lynnette Matshiye is her name and Miss Heritage South Africa 2017 is her title, her reign officially begun in January.

She walks into our offices with her mentor Bro Jo Kgoloane (life coach and a motivational speaker) for the interview. The isiNdebele speaking queen was born, bred and raised in eMalahleni.

Nozzy as she is affectionally known to her peers and those close to her was raised by her grand-parents.

Unfortunately in 2013 she lost her grandmother, she takes a huge sigh before continuing with the interview showing she still misses her presence. "It was something I never expected as she was my pillar of strength, for every obstacle in my life I looked up to her so it was extremely tough."

Her house is a full house as she lives with her grandfather, mom and has three siblings being one brother and two sisters. Her cousins live there as

well, together they are one big happy family.

Growing up she was a bubbly child who was outspoken and very hyper.

The 23-year-old started school at Nkonjane Primary School and matriculated at Pine Ridge Combined School.

Straight after matric she attended MSC Business College where she completed her Computer End-user

qualification, in campus she entered her very first beauty pageant.

The competition was called Miss MSC Mpumalanga and she was the first princess. "Considering that it was my first pageant I entered, I think I did really well."

The journey never stopped there, in December 2013 she went for auditions for Miss Mpumalanga 2014. She made it until the Top 30 that was selected in January 2014.

"In entering contests I could see people loved me on stage." In 2015 she entered Face of eMalahleni where she was the second princess.

One day when browsing through her Facebook she came across the Miss Heritage SA competition.

She travelled more than 500 kilometres to Bloemfontein in the Free State to audition in May 2016. When she was part of the Top 12 finalists they got an opportunity to visit various heritage sites to learn more about their roots.

Fast forwarding to the night of the crowning Nozzy was nervous but excited. This happened on September 24 at the Bloemfontein Civic Theatre, what better way to crown Miss Heritage SA when the entire country was celebrating this prestigious holiday. She also won the title of Miss Personality 2017.

"That morning I did not talk to anyone as I was nervous. At the beginning of the night I was confident because I knew I was competing with myself but after doing the introduction round I felt I had messed up and I cried. I thought it was the end of the road for me."

Little did she know that her tears would turn into tears of joy after sitting on her throne. "I was really excited because a part of me never expected it."

I ask her that with a title like this surely it comes with a huge responsibility. Nozzy nods to show she agrees. She is expected to represent our country not only here but internationally as well as a result she will go to India this December for Miss Heritage International.

Her radiant face lightens up as she mentions how proud she is to be a Nde-



Keitumetse Mere (Second princess), Nozipho Matshiye (Miss Heritage South Africa 2017) and Sibusiso Xego (First princess)

bele woman because of the language, identity, clothing and the respect her people have for others.

